

16 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-16 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:6

Christusverkondiging is wysheid

Al spreek Woordverkondiging (prediking, huisbesoeke, katkisasie, optrede/advies by kerklike vergaderings, ens.) nie van die wysheid van hierdie wêreld nie, is dit tog wysheid. Paulus lê weereens klem daarop dat die wysheid van Woordverkondiging nie die wysheid van die manne van gesag wat op verskillende lewensterreine die toon aangee is nie. Alles wat menslik is, is immers verganklik.

Die wysheid van God bestaan in die geheim van heelmaking. Daardie gesondmaking wat vir die menslike verstand heeltemal onverstaanbaar is en wat alle menslike wysheid oortref. Tog het God hierdie geheim bekend gemaak aan elkeen wat glo. God het 'n Heelmeester of Heilmeester gestuur om dit te doen op 'n spesifieke manier. Hierdie Heelmeester is Jesus Christus. Gelowiges weet dat Christus ons verhouding met God en die skepping kom heel maak het. Sommige mense, selfs staatkundige en godsdienstige "maghebbers" is egter geestelik en verstandelik verblind, sodat hulle die geheim in Christus se kruisdood nie verstaan nie. Hulle verstaan nie waarom slegs Christusverkondiging in elke opsig en elke faset van ons diens aan Hom volmaak is nie.

Hierdie geestelike wysheid is egter in elke mens in wie die Gees van God woon. Net soos by ons mense, waar die diepste hartsgeheime alleen deur die mens self geken word, so is dit met God en die Gees. Die Gees is mos self ook God en ken daarom God se wese. Daarom kan net die Gees waarlik mense lei om God en sy geheime te verstaan. Wie dus die Gees van God besit, is ook bekend met die heilsgedagtes of geheime van God. Gelowiges het dalk nie die gees van die wêreld, wat die wêreldse wysheid ken nie. Gelowiges het wel die Gees, wat uit God is, wat oë open om die rykdom van die genade wat God in Christus gewerk het te ken (Rom 8:1-17).

Vir hulle wat die Gees nie het nie, bly Jesus 'n lewende raaisel. 'n Raaisel wie se denke, opdragte, spreke en optrede onverstaanbaar bly. Hulle wat egter 'n Geesvervulde lewe leef, weet: Christusverkondiging is wysheid.

Sing: Psalm 19:4, 5 (1936)

Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)